Tema: Soms is die donkerste tye van ons lewe die “geboorte” van ‘n nuwe lewe wat God ons deur Christus gee!

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Lied 197: 1, 2
Lied 525: 1, 2, 3

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Ps 107 - 1: 1, 18
Votum
Seën
Loflied Ps 65 - 2: 1, 3, 5
Geloofsbelydenis: HK Sondag 20 en sing Sb 8 - 3: 1;

Ons verootmoedig ons voor God
Wet: Fokus op die Tiende Gebod en HK Sondag 44
Sing as antwoord op die wet: Sb 9 - 1: 10 en 11
Gebed

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: 1 Sameul 2: 27 - 36
1 Sameul 4: 1 - 22
Teksverse: 1 Sameul 4: 21
Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed
Sing Ps 130 - 1: 1, 3, 4 (Derde melodie)
Seën
Amenlied: Sb 13-3.

Geliefde brs en srs en kinders

Soms is dit vir ons baie moeilik om God se plan in ons lewe te verstaan. Veral as dinge nie verloop soos ons wil hê dat dit moet verloop nie. Meermale in ons lewe moet ons maar saam met Jesaja in Jesaja 40 bely" Wie kan die Gees van die Here peil, wie kan sy raadgewer wees?". Paulus roep ook uit in Romeine 11 " Hoe ondeurgrondelik is sy oordele, hoe onnaspeurlik sy weë! Wie ken die bedoeling van die Here?!

Daar gebeur soms sulke onverstaanbare dinge in ons lewe! Soms is dit geweldige diep liggaamlike en geestelike beproewing! Soms is dit onbegryplike wendinge of terugslae wat in ons lewe kom en wat ons nie verstaan waarom dit gebeur of wat die Here se bedoeling daarmee is nie.

Die priester Pinehas se vrou het in ons teks ook so geworstel met die wil van die Here in een van die donkerste dae van haar lewe! Sy was ŉ gelowige vrou wat op die Here vertrou het en wat aan Hom vasgehou het! Sy was in die laaste dae van haar swangerskap terwyl daar baie swaar en donker dinge besig was om in haar lewe te gebeur.

Kom kyk saam met my wat aan die gang was in die lewe van haar volk.
Eli was die hoëpriester in die tempel van die Here wat in Silo gestaan het. Aanvanklik het Eli die volk baie goed gelei, maar soos hy ouer geword het, het hy meer en meer toegelaat dat die volk van die Here weggelei word. Veral deur sy twee seuns Hofni en Pinehas wat hy as priesters in die tempel aangestel het. Hulle het by die vroue wat by die tempel gewerk het, geslaap en hulle posisie as priester misbruik tot hulle eie voordeel. Hierdie sonde van die priesters het ook die volk tot sonde verlei.

In hierdie toestand van geestelike verval moes die Israeliete teen die Filistyne gaan veg. Daar was dikwels sulke gevegte teen omringende vyandige volke wat rooftogte in die volk se gebied gedoen het of wat die grondgebied wou inpalm. Die eerste veldslag was ŉ groot nederlaag vir Israel. Vier duisend soldate sterf. Die volk kon dit nie verstaan nie en saam met die leiers besluit hulle om die ark van die Here in die tempel by Silo te gaan haal en dit na die slagveld te bring!

Eli laat dit toe en sy twee seuns speel ŉ leidende rol om die ark soos ŉ stuk afgod na die laer te bring, want die volk het gedink dat die "ark" hulle kon red! As die ark daar is, dan sal die Here nie toelaat dat die vyand die oorwinning behaal nie, want die Here se eer is mos dan immers op die spel! So probeer die leiers om die Here te manipileer om aan hulle die oorwinning te gee!

Waar kom hulle aan die gedagte? Dit was die gebruik van die heidense nasies teen wie Israel geveg het. Bykans elke volk het ŉ eie afgod gehad waarin hulle geglo het en wanneer hulle gaan veg dan het hulle hierdie afgod saam met hulle geneem in die geloof dat die afgod aan hulle die oorwinning sou gee! Wanneer jy dan die geveg wen was jou afgod sterker as die vyand se afgod of andersom!

Die volk van die Here het so ver in hulle verhouding met Hom verval dat hulle nou al op die vlak van die heidense volke met die ark omgaan! En toe die ark in die laer inkom was daar ŉ groot gejuig!

Die Filistyne het dit gehoor en dadelik besef dat die Israeliete se “god” in die laer gekom het. Hulle was so bang vir God want hulle het gehoor hoe God sy volk uit Egipte gered het en deur die woestyn gelei het! Maar instede dat hulle vlug het dit hulle so gemotiveer dat hulle die volgende dag met soveel oorgawe veg vir hulle god “Dagon” dat hulle Israel verslaan en dertigduisend soldat van Israel sterf! Ook die seuns van Eli sterf soos die Here dit aangekondig het.

Toe Eli die berig van die nederlaag kry en veral van die feit dat die ark van die Here deur die Filistyne gebuit is, het hy waarskynlik ŉ hartaanval of beroerte gekry, agteroor van sy stoel geval en sy nek gebreek!

En nou is ons terug by die swanger vrou van ons teks! Dit was die donker en tragiese omstandighede wat besig was om in haar lewe af te speel. Leiers en ŉ volk wat van die Here wegdwaal, ŉ verpletterende nederlaag waarin haar man sterf, die nuus van haar skoonpa se dood en dan veral die verskriklike nuus dat die Filistyne die ark gebuit het! Die ark van die Here is weg!

Toe sy al hierdie dinge hoor het die geboorteproses haar oorval en het sy het geboorte geskenk aan ŉ seuntjie! En in die naam van die seuntjie verwoord die moeder haar diepste geloofsbelewenis: sy noem hom Ikabod! Dit beteken: “waar is die eer?” of “die eer is weggevat”. Hiermee het sy verwys na die eer van die Here wat weg was uit haar lewe en uit die lewe van die volk want die Filistyne het die ark van die Here weggevat!

Sy belewe hierdie verskriklike gebeurtenisse as ŉ afwesigheid van die Here! God is weg want die ark is weg! Die Here se eer en aansien in Israel is weg! Alles is nou verlore! Dis Ikabod! Dis verby!

Maar geliefdes, was dit verby? Was die eer van die Here weggeneem uit Israel? Nee! Inteendeel, die Here gebruik hierdie donker tyd in haar lewe - wat sy so intens en swaar beleef - juis as ŉ geleentheid om sy eer te herstel! Was die dood van Eli en sy twee seuns nie juis die vervulling van die oordeel wat die Here oor hulle aangekondig het nie! Die Here was besig om ontroue en afvallige geestelike leiers weg te neem en ŉ proses van geestelike herstel in die volk se lewe te bewerkstellig! Die verskriklike verlies van Vier en dertigduisend soldate van die Here was deel van God se reinigsproses! Dit was straf op die volk se oppervlakkige godsdiens!

Ook in haar lewe was die Here besig met ŉ reinigsproses ! ŉ Man wat aan haar ontrou was en by ander vroue geslaap het, sterf en betaal vir sy sonde! ŉ Seuntjie word gebore – die Here voorsien vir haar ŉ nuwe toekoms! Hy sou vir haar kon sorg!

Daar by die tempel van die Here is die jong Sameul wat sy eerste openbaring van die Here ontvang het! Sameul ŉ profeet en priester wat in noue verhouding met die Here

geleef het en wat die Here se Woord getrou aan die volk sou bring! Die Here maak ŉ nuwe begin! Hy bring iemand wat die volk se verhouding met God kon herstel! Iemand wat hulle kon leer dat God se eer nie aan ŉ houtkas gebind is nie, maar dat God se eer in Homself geleë is! Hy is God en Hy is besig om sy volk heel te maak! Hy is besig om ŉ nuwe begin te maak!

Dis juis nie Ikabod nie! Dis juis "Kabod", die Hebreeuse woord vir die eer of heerlikheid van die Here! Die seuntjie Ikabod se geboorte is juis die teken van die geboorte van nuwe lewe wat God vir sy volk bring! ŉ Lewe van geloof en toewyding aan God! ŉ Lewe waarin die volk in verhouding met God en net my sy ark sal lewe nie!

Brs en srs, is dit nie wonderlik nie? Is dit nie wonderlik om so die plan van die Here raak te kan sien nie? Ja, wanneer ons in die donker en seer en onbegryplike tyd leef en nie verstaan wat die Here besig is om te doen nie, wanneer ons - soos hierdie mamma wil sê Ikabod - dan moet ons juis weet en glo: God is besig met ŉ groter plan! Ons donker tyd is die geboorte van ŉ nuwe lewe wat God vir ons bewerk!

En nou geliefdes, is dit nie moeilik om te sien hoe God dit in my en jou lewe bewerk nie! Al hierdie gebeure is ŉ Ou Testamentiese profesie van die groot herstel van God eer wat God in Jesus Christus sou kom bewerk! Die geboorte van Ikabod sou ons op die geboorte van Jesus kon laat wys! Die geboorte van Jesus wat juis die eer van die Here sou kom herstel! Jesus Christus was nie Ikabod nie, maar 'kabod" – "heerlikheid".

In Johannes 1 gebruik Johannes die Griekse woord vir hierdie "heerlikheid" in ons teks wanneer hy skryf: "Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid." In en deur Christus kom herstel God sy eer teenoor die oneer wat die sonde in ons lewe gebring het.

In Christus voltrek God die straf op die sonde van mense! In ons teks betaal Eli se seuns en die volk self vir hulle sondes! Maar ter wille van ons het God ons sonde op Christus laat kom! Christus se drie ure stryd en duisternis aan die kruis was die geboorte van ŉ nuwe lewe wat ons met God mag hê! Dat die straf op ons sondes betaal is en dat ons God mag ken as Vader wat in ŉ liefdesverhouding met ons leef!

Maar brs en srs, Christus bring ook herstel van sonde ons lewe! Soms is donker en onverstaanbare tye in my lewe, ook tye waarin God my wys op my sonde en my roep tot bekering! Dat ek nie soos Eli se seuns my eie voordeel soek in my diens aan die Here nie, maar altyd God eerste stel! Soms is die seer en beproewing juis die afsterwe van my sonde en die pynlike geboorte van ŉ nuwe gehoorsaam in my lewe!

God die Heilige Gees wil hê dat ons dieselfde heerlikheid van God, wat Christus kom vertoon het, dat ons ook hierdie heerlikheid van Christus in ons lewe moet vertoon! En om dit te doen moet ons ons sonde afsterf en groei in heerlikheid – om soos Christus te lewe! Ons lees daarvan in 2 Kor. 3: "ONs almal weerspieël die heerlikheid van die Here want die sluier is van ons gesig af weggeneem. Ons word al hoe meer verander

om aan die beeld van Christus gelyk. Die heerlikheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is."

Geliefde, br en sr, so word die donkerste tye van ons lewe die geboorteproses of die hervormingsproses van sonde na heerlikheid! Wat ŉ wonderlike perspektief om te onthou en te volg! Die Here is met ons besig – sodat ons nie Ikabod is nie, dat ons nie sonder eer en heerlikheis is nie, maar dat ons naam "Kabod" kan wees: "heerlikheid".

Die koms van die jong Sameul wat God getrou in die tempel dien, dui op Christus wat die volkmaakte priester van God sou wees om ons – nie aan uiterlike godsdiens, aan die ark of die kerk te bind nie, maar deur geloof aan God self te bind! Dat ons weet God het ons lief en al kom daar donker tye of tye waarin ons nie die wil van God verstaan nie, kan ons stees op God vertrou en weet Hy is besig om sy plan vir ons lewe deur te voer!

Wat ŉ wonderlike troos is dit nie vir ons in donker en onseker tye nie! Dit is nie Ikabod nie! Dit is nie die einde nie, maar die begin! Die geboorte van ŉ nuwe verhouding tussen my en die Here! Die Here is besig met ŉ nuwe begin en ek kan my aan daardie proses oorgee om op grond van God se liefde vir my! Ek mag God vertrou op grond van Jesus se verlossing vir my en op grond van die Heilige Gees se werk in my lewe, God te verheerlik!

Ja, soms verg dit verskriklike pyn soos by ŉ geboorte! Pyn waarvan ons teks sê dat Pinehas se vrou byna gesterf het! Maar die geboorte van die kind is die vreugde van jou lewe! Die nuwe pad met God bring soveel vreugde en blydskap bring sodat ons van die pyn en swaarkry en onsekerheid en teleurstelling vergeet!

Geliefde brs en srs, wanneer dit vir jou in jou lewe nou dalk lyk na Ikabod: weet dan nou: om Christus ontwil is dit nie Ikabod nie! Dit is nie verby nie! Ja, dit is ŉ geboortetyd! Dit is dalk pynlik en seer, of jy beleef ŉ teleurstelling of terugslag wat jy nie verstaan nie: dink dan nie aan Ikabod nie: dink aan Jesus Christus ons Here – Hy wat die Heerlikheid van God in jou lewe kom herstel het en wat jou deur sy Gees lei om daardieselfde heerlikheid te openbaar! Vertrou Hom, gee jou oor in sy hande, dit is die begin van ŉ nuwe lewe met God!

Amen